



BOEDELBEPLANNING

NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: Tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.  
E-pos: nico@finlac.com.

# Erfgename en belasting ... aftree-annuïteite se voordele

Wat gebeur met die geld in jou uittree-annuïteitsfonds as jy sterwe?

## KORTOM

- 'n Uittree-annuïteit bied beskerming teen skuldeisers en 'n belastingvrye opbrengs.
- Wanneer jy sterf, is die geld in 'n aftree-annuïteit vir erfgename beskikbaar. Afhanklikes kry voorkeur.

Ons kyk eers kortliks na presies wat 'n uittree-annuïteit is. Ek kry die indruk boere word soms onder die indruk gebring dit is 'n aparte beleggingsklas en dat jy in 'n uittree-annuïteit, effektrusters, goud of in wat ook al kan belê en dat dit gaan oor die opbrengspotensiaal van die een teenoor die ander.

Dit is 'n verkeerde manier van dink en ek sal voorstel dat jy enigeen vermy wat só met jou oor beleggings kom gesels. Kortom: 'n Uittree-annuïteit kom ter sprake wanneer jy oor beleggingsbehoefes gesels, nie wanneer jy oor beleggingsopsies praat nie.

My mening? Enige gesprek oor beleggings wat nie eers jou

behoefes in ag neem vóórdat oor potensiele opbrengs gesels word nie, het waarskynlik 'n kommissie-doelwit – nie jou belange nie.

'n Uittree-annuïteit is 'n beleggingsprodukt met 'n spesifieke “baadjie” aan. Dit word gereël deur die Wet op Pensioenfondse (Wet 24 van 1956) wat sekere voordele inhou, soos die beskerming wat dit teen skuldeisers geniet. Daar is natuurlik ook die belastingvrye opbrengs en ander belastingvoordele in 'n uittree-annuïteit, wat weer deur die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) gereël word.

Pleks daarvan kan jy in dieselfde effektrusterfondse belê as waarin jy in 'n regstreekse diskresionêre belegging kan doen. Jy word net deur die Regering beperk ten opsigte van die hoeveelheid geld wat jy in aandele of oorsee in 'n uittree-annuïteit kan belê. Andersins is daar nie veel verskil nie, behalwe dat jy met die een belasting gaan betaal op jou opbrengs en met die uittree-annuïteit nie.

Daar is uittree-annuïteite wat 'n polis as onderliggende bate het. Ek is nie gaande daaroor nie. Daar is te veel nadelige poten-

siaal vir jou as kliënt met die hoë, vooruitberekende koste en kommissie, wat as 'n skuld teen jou belegging staan en penalisering as jy wil skuif of vroeër aftree. Laat staan dit liever.

## BELASTINGVOORDEEL

Wat as jy sterf? Ek het genoem van die belastingvoordele. Hier is nóg 'n belangrike een. Dit val nie in jou boedel as 'n bate vir die berekening van boedelbelasting nie. Enige ander belegging is 'n bate in jou boedel en boedelbelasting word teen 20% gehef.

Vir iemand met 'n groot boedel wat die kontant beskikbaar het, is dit 'n maklike en logiese som om te maak: As jy op boedelbelasting wil bespaar, belê in 'n uittree-annuïteit.

## As jy wil bespaar op boedelbelasting, belê in 'n uittree-annuïteit.

Die waarde van die uittree-annuïteit word by jou afsterwe wel by jou bruto inkomste vir daardie jaar getel, maar word belas ingevolge die Tweede Skedule van die Inkomstebelastingwet en nie vol-

gens die gewone belastingskaal nie. Wat beteken dit?

Eerstens is jou geld nie weg as jy sterwe nie. Dit is daar vir erfgename, hoewel afhanklikes voorkeur kry. As jou erfgenaam die volle bedrag onttrek, is R500 000 daarvan belastingvry en die res belasbaar op 'n glykskaal teen 18%, 27% en 37%. Die erfgenaam is aanspreeklik vir dié belasting.

Dit sal beter wees vir die erfgenaam om liever die geld te gebruik om 'n lewende annuïteit mee te koop. Dit gaan belastingvry oor en die erfgenaam kan 'n inkomste kry uit dié neseier waarop hy of sy teen die gewone belastingkoers belasting sal betaal.

Kortom, jou geld is nie weg as jy sterwe nie. Dit is daar vir jou naasbestaendes. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbondene nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*